SARL-NUUS SONDAG 26 MEI 2013

U luister na ZS6SRL, die amptelike radiostasie van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika. Die SARL saai elke Sondag om 08:15 SAT 'n nuusbulletin in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uit. Vir oudio gaan na www.sarl.org.za, klik op 'Amateur Radio Today' en volg die skakels soos aangedui. Vir oudio deur Echolink, koppel met ZS0JPL-R.

Hierdie en vorige bulletins kan van www.sarl.org.za afgelaai word en u kan ook daar inteken om toekomstige bulletins per e-pos te ontvang.

U nuusleser is (naam en roepsein), op 145,725 MHz vanuit Pretoria, met herleidings op 7,066 en 3,695 MHz ESB. (Ander nuuslesers verander soos toepaslik.)

STIL SLEUTEL Die ondervoorsitter van die Kaapstadse Amateurradioklub berig dat die sleutel van Maurice Drinkwater, ZS1ACH, op 17 Mei 2013 stil geraak het.

Maurice is oorspronklik van Zimbabwe, maar het in die Kaap hom gou met die Weskaapse Radio-gemeenskap vereenselwig. Hy het onder meer as Voorsitter van die Oakdale Klub vir 'n hele aantal jare gedien. Tydens die onlangse SARL AJV is die Jack Twine-toekenning aan hom gemaak. Sy sin vir humor, vriendelikheid en sy luide stem tydens geleenthede sal gemis word.

Aan sy eggenote Celia en seun Alex, ZR1SPA, ons innige simpatie. Sy sleutel mag stil wees, maar sy seine sal altyd 5 en 9 plus 40 wees.

IN DIE NUUS VANDAG: SARL HAMNET TEKEN 'N MEMORANDUM VAN VERSTANDHOUDING VYFJAAR AMATEURRADIOLISENSIE S.A. AMSAT RAPPORTEER GROOT VOORUITGANG OP KLETSkous

U luister na ZS6SRL. Bly ingeskakel vir meer besonderhede oor hierdie en ander belangrike en interessante items.

SARL HAMNET TEKEN 'N MEMORANDUM VAN VERSTANDHOUDING SARL HAMNET het 'n Memorandum van Verstandhouding met die Breedevallei Munisipaliteit aangegaan virdie goedkeuring en mobilisering van vrywillige amateurradio-operateurs wat vir noodkommunikasie benodig word as deel van die noodhulp radio bystandsprogramme van die Breedevallei Brandweerdepartement. As deel van die ooreenkoms sal die voormelde Departement geskikte akkommodasie vir die SARL HAMNET Weskaap beskikbaar stel met die oog op die opstel van 'n amateurradiostasie op die gronde en in die gebou van die brandweerstasie.

VYFJAAR AMATEURRADIOLISENSIE Die SARL ontvang steeds navrae in verband met die vyfjaar lisensie-uitreikings deur OKOSA. 'n Gedetaileerde verduideliking was van OKOSA ontvang wat in die SARL se weeklikse bulletin van twee weke gelede ingesluit en tans steeds op die webwerf www.sarl.org.za beskikbaar is. Indien u vir 'n vyfjaartermyn betaal het en vir OKOSA dienooreenkomstig ingelig het, sal die probleem paslik uitgesorteer word indien 'n lisensie vir slegs die lopende jaar uitgereik is. Hierdie regstelling sal binne die volgende

paar weke bewerkstellig word. Dit is derhalwe nie nodig vir u om met OKOSA intussen te skakel nie.

Die SARL het die aangeleentheid intussen op die Agenda vir die eersvolgende OKOSA/SARL samewerkingsvergadering gedurende Junie geplaas.

NOMINASIES VIR DIE MTN-RADIO-AMATEUR VAN DIE JAAR TOEKENNINGS Nominasies vir die MTN-radio-amateur van die jaar toekennings sluit op 10 junie 2013. Daar is drie toekenningkategorieë, nl., die Garth Milne Tegniese Innovasie-, die MTN Radio-amateur-van-die-jaar-, en die MTN Amateurradio Gemeenskapsdienstoekenning. Die Garth Milnetoekenning is vir die bystand, ontwikkeling en toepassing van Tegnologiese Innovasie t.o.v. amateurradio in Suid-Afrika, d.w.s., op Klubvlak, Nasionaal by skole of tersiêre onderwysinstellings.

Die MTN radioamateur van die jaar is vir die bystand en ontwikkeling van die amateurradiodiens in S.A.

Die MTN Amateur Radiogemeenskapsdiens toekenning is vir diens aan die gemeenskap deur 'n radioamateur of groep amateurs.

Elke toekenning sluit 'n kontanttoekenning van R2000 en 'n 2013 ARRL-handboek in. Nominasievorms en volledige besonderhede is by www.amateurradio.org.za beskikbaar.

Die Toekenningsfunksie word op 26 Junie 2013 tydens 'n middagete by die Mid Rand Protea Hotel gehou. Gebruik hierdie geleentheid vir die erkenning aan 'n radio-amateur wat op die voormelde gebiede gepresteer het. Voorsien soveel moontlik toepaslike inligting oor die genomineerde, ten einde die beoordelaars in staat te stel om die regte keuse te kan maak.

DAYTON HAMVENTION WORD BESING AS DIE BESTE KONVENSIE OOIT Die 2013-konvensie sal in die anale van die amateurradiogeskiedenis onthou word as een van die allerbeste konvensies. Daar is 'n wye verskeidenheid van nuwe produkte tydens die 2013-konvensie bekendgestel. Een van die baie interessante produkte was waarskynlik Yaesu se nuwe hoëfrekwensie senderontvanger, die FTDX-1200 wat n ntreevlak TFT-skermradio met n ingeboude bankscope' en die tipe kenmerke wat eintlik in 'n baie hoërgeprysde radio te vinde is. Daar was ook vanuit die Icomkamp twee splinternuwe produkte. Icom het ook beide hulle ID-51A draagbaar en die IC-7100 mobiele radio s ten toon gestel. Beide stelle is D-STAR-gereed en as sodanig word helder digitale spraak, kort databoodskappe,wêrelwye D-STAR'-gekoppelde herhalertoegang oor die internet, en veel meer. Die IC-7100 is in die besonder van belang deurdat die stel beide BHF en UHF analoog en digitaal met 'all-band' 'all-mode' mobiele werking kombineer, 'using a new Slanted control head with what is the amateur industries first touchscreen interface'.

AMSAT RAPPORTEER GROOT VOORUITGANG OP KLETSkous Tydens 'n ruimte simposium deur SA AMSAT gehou in Pretoria rapporteer die span KLETSkous groot vooruitgang op SA AMSAT se eerste cubesat'. Beide die

prototipe transpondeerder en die kontrolepaneelborde word tans 'bevolk' terwyl toetsing binne die eersvolgende paar weke onderneem sal word. Groot vordering is reeds met die ruimteraam gemaak. Besoek www.amsatsa.org.za hierdie naweek vir meer inligting oor die projek.
SA AMSAT het ook reeds hierdie projek aan die derde jaarlikse kongres van die S.A. Space Association op Donderdag/Vrydag verlede week by SANSA Space Operations te Hartbeesthoek voorgelê.

SENTECH VRA U ONDERSTEUNING Sentech benodig die hulp van radioamateurs en kortgolfluisteraars om die 7MHz amateurband vir vals (spurious) seine van antenna s by hulle uitsaaistasies te Meyerton dop te hou in besonder t.o.v. 'RSG'. Indien RSG op enige ander frekwensies as 3320, 7285, of 9650 kHz ontvang word, doen asb. verslag aan Jaap Lourens by lourensj@sentech.co.za met vermelding van datum, tyd en frekwensie.

DIE ZS2X BHF-BAKEN BEDIEN NOU DIE GROTER GEBIED VAN SUID-AFRIKA Die twee-ellement Yagi van die ZS2X-baken wat op die 50,007 FSK-frekwensie (naby Port Elizabeth) uitsaai, is tans deur ok. Tim Joubert, ZS2X in 'n noordelike rigting gerig soos versoek, ten einde die grootste gedeelte van Suid-Afrika te dek.

Hierdie 25 Watt baken sal baie sterk radio-uitstralings op die daglig meteorreënbui 'arietids' uitstraal wat tans tot 2 Julie 2013 aktief is, en wat huidig die mees intense daglig meteor-uitstraling van die jaar is.

Hierdie besondere BHF-baken sal ook die landwye 'TROPE DUCTING', sowel as keerkringspreiding-voortplanting op 50 MHz gedurende die vroeë-oggend na sonsopkoms aandui, bo-en-behalwe lugvaartspreiding naas die vlugweë. Dit is die mees opmerklik gedurende die somermaande wanneer dit vroeë waarskuwings van sterk en onvoorspelbare sporadiese E-openingsgeleenthede wat gedurende die oggende, namiddae en/of saans voorkom. Ontvangsrapporte vanaf die ZS2X-baken sal hoog waardeer word.

LIGANUUS Aansoeke om lidmaatskap van die SARL is van die volgende radioamateurs ontvang: David Schalk Venter; Michael Gendel; John McFarlane.

Enige besware teen die aanvaarding van lidmaatskapaansoeke moet die Sekretaris bereik voor of op die Dinsdag na hierdie bulletin.

KLUBNUUS KARTS SNUFFELMARK EN AWA OPE DAG Die Kempton Park Amateur Radio Tegniese Vereniging (KARTS) en die Antique Wireless Associations (AWA) se gekombineerde snuffelmark en AWA ope dag vind plaas eerskomende Saterdag die 1ste Junie 2013 vanaf 08:00 Dit geskied by die Impala Voortrekkersentrum in Rooiboslaan, Allen Grove, Kempton Park. The GPS koördinate is 26.085 08S 28.232 39O of besoek www.zs6kts.co.za/ vir meer rigting aanwysings.

Saam met die gewone snuffelmark aktiwiteite sal daar uitstallings van antieke radios en bybehore wees asook 'n aktiewe HF BHF/UHF stasie vanwaar die AWA se Saterdag oggend SSB net op 40m bedryf gaan word.

Mariska van die SARL hoofkantoor sal beskikbaar wees vir enige administratiewe aangeleendhede so ook Willem ZS6WWJ die QSL bureau Bestuurder wat sal verseker dat daar QSL kaarte uitgedeel word aan die lede wat van die diens gebuikmaak.

Die byeenkoms beloof om interessant, genotvol met aangename herinneringe te wees. Vir tafelbesprekings of enige navrae, kontak Selwyn, ZS6SEL, by 082 804 2782 of per e-pos aan zs6sel@gmail.com of vir Nico, ZS6QL, by 083 269 9939 of e-pos aan nicolaasv@mweb.co.za. KARTS en AWA sien daarna uit om u daar te sien!

NOG'N KLUB AFFILIEER BY DIE SARL. Hierdie week verwelkom die SARL die Soutpansberg Amateuradioklub as geaffilieerde klub tot die SARL. Die klub se roepsein is ZS6SPB. Die klub is gevestig in Polokwane en is bedrywig in Limpopo en omgwing.

RUSTENBURG RADIOKLUB AJV Op Saterdag 18 Mei 2013 is die AJV van die Rustenburg Amateurradioklub gehou waar die nuwe komitee verkies is:

Voorsitter : Gene Niemand ZR6CEN Sekretaris : John Keulder ZS6BXL Tegnies : Dawie Conradie ZR6DHC

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak gematig gaan wees. Daar is tans heelwat grooterige sonvlekke maar net AR1755 en AR1756 het 'n beta-gamma klas magneetveld wat genoeg energie huisves vir M-klas fakkels.

Vir diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, die verwagte effektiewe sonvlektelling vir die week is ongeveer 80. Die geomagnetiese magneetveld mag versteur word.

Amateurs gaan al die DX-bande van 20 tot 10 m geniet met 15 m wat die beste openinge gaan oplewer terwyl die 20 m net 'n kortkop agter behoort te wees. Goeie 10 m openinge gaan oor daglig paaie voorkom.

Besoek gerus www.spaceweather.co.za vir meer inligting.

DAGBOEK VAN GEBEURE 26 Mei CQ WW WPX GG Kompetisie 26 Mei Tweede been van SARL Digitale Kompetisie 26 Mei - Logstate vir die Dag van die JD's moet in wees na f5isy@orange.fr. 31 Mei - Laaste dag vir indiening van logstate vir die AWA se AM/ESB lamp QSO-party na andy.cairns@xsinet.co.za. 2 Junie Keerdatum vir indien van SARL Digitale Kompetisie logstate. 15/16 Junie - Eerste naweek van die Internasionale Museumnaweke se geleentheidsnaweke, registreer jou museumstasie by www.ukradioamateur.co.uk/imw. 22/23 Junie - Tweede naweek van die Internasionale Museumnaweke se geleentheidsnaweke.

Die SARL nooi u om elke Sondagoggend om 10:00 SAT op 145,750 MHz in die Pretoria-omgewing te luister na "Amateur Radio Today". Daar is herleidings op 7 082, 7 025 en 17 660 kHz en ook 'n podcast deur ZS6RO. Vir oudiostrome en Echolink deur ZS6FCS, besoek www.sarl.org.za, klik op "Amateur Radio

Today", gaan na die groen kolom en klik op 'Listen on the web'. 'n Heruitsending vind op Maandae om 16:30 UTC op 3 230 kHz plaas. Op die webwerf verskyn ook besonderhede aangaande verskeie ander heruitsendings Ontvangsrapporte, kommentaar en voorstelle sal waardeer word. Stuur e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Sentech borg die uitsendings op die nie-amateurfrekwensies.

U het geluister na 'n nuusbulletin van die Suid-Afrikaanse Radioliga met vetalings deur Arthur Jordaan, ZS1AIJ, saamgestel en geredigeer deur Louis Kirstein, ZS1LK.

Dankie dat u geluister het, 73.

/EX